

## Hen-Pen die vet hen

Hen-Pen is Ben se hen. Sy sit op haar nes by die hek.

Hen-Pen tel haar eiers. Sy tel. Een, twee, drie, vier, vyf, ses.

Zak die kat sien vir Hen-Pen. Hy rek sy nek en spring tot bo-op die hek. "Hmmm," dink Zak. "Hen-Pen is lekker vet, net reg om te eet!"

Antwoord blad

INDIVIDUELE DIAGNOSTIESE LEESTOETS

(TOETS A)

Datum:

Naam:

Graad:

Geboortedatum:

Ouderdom:

Maak notas van al die leesfoute wat die kind maak.

Hen-Pen is Ben se hen. Sy sit op haar nes by die hek.

Hen-Pen tel haar eiers. Sy tel. Een, twee, drie, vier, vyf, ses.

Zak die kat sien vir Hen-Pen. Hy rek sy nek en spring tot bo-

op die hek. "Hmmm," dink Zak. "Hen-Pen is lekker vet, net

reg om te eet!"

## Mondelinge begripsvrae.

1. Aan wie behoort Hen-Pen? (Hen-Pen is Ben se hen.)
2. Waar sit Hen-Pen? (Sy sit op haar nes/by die hek.)
3. Wat doen Hen-Pen? (Sy tel haar eiers.)
4. Hoeveel eiers het Hen-Pen? (Sy het ses eiers.)
5. Wie het tot bo-op die hek gespring? (Zak die kat/Die kat.)

### **Gebruik die volgende simbole om notas mee te maak.**

K - klank die woord

O - los die woord uit

/// - Lees woord-vir-woord

R - Raai woorde

✓ - Maak 'n fout, maar korrigeer self

← - Herlees dele van woorde/frases/sin.

↵ - Los dele van sin uit/deel van 'n woord/spring na volgende lyn

✗ - Ignoreer punktuasie

Trek 'n lyn deur woord wat verkeerd gelees is en skryf die woord wat die leerder gebruik onderaan.

## Die nuwe blou boek.

Mamma

het vir San 'n nuwe storie boek gekoop. Die boek is blou. Jan kyk saam met San in haar nuwe blou boek. "Daar is vyftien bladsye in die boek." sê San. "Kyk!" Die man is bles, hy het nie hare nie." sê Jan. Jan lees: "Mnr. Brink plant 'n blom in 'n blik. Hy verf die blik blou en verf 'n groen blaar op die blik. Hy sit die blik op 'n houtblok vir die verf om droog te word. 'n Meisie met bleek wange gee die blom water. Sy het 'n bloedrooi rok aan. San hou baie van haar nuwe blou boek.

Antwoord blad

INDIVIDUELE DIAGNOSTIESE LEESTOETS

(TOETS A)

Datum:

Naam:

Graad:

Geboortedatum:

Ouderdom:

Maak notas van al die leesfoute wat die kind maak.

Mamma het vir San 'n nuwe storie boek gekoop. Die boek is blou. Jan

kyk saam met San in haar nuwe blou boek. "Daar is vyftien bladsye in die

die boek." sê San. "Kyk!" Die man is bles, hy het nie hare nie." sê Jan.

Jan lees: "Mnr. Brink plant 'n blom in 'n blik. Hy verf die blik blou en verf

'n groen blaar op die blik. Hy sit die blik op 'n houtblok vir die verf om

droog te word. 'n Meisie met bleek wange gee die blom water. Sy het

n bloedrooi rok aan. San hou baie van haar nuwe blou boek.

## Mondelinge begripsvrae.

1. Wie het vir San 'n nuwe storie boek gekoop? (Mamma.)
2. Hoeveel bladsye is daar in die boek? (Daar is vyftien bladsye.)
3. Wat is die bles man se van? (Mnr. Brink)
4. Wie gee vir die blom water? ('n Meisie/ met bleek wange.)
5. Watter kleur rok het die meisie aan? (Sy het 'n rooi/bloedrooi rok aan.)

### **Gebruik die volgende simbole om notas mee te maak.**

K - klank die woord

O - los die woord uit

/// - Lees woord-vir-woord

R - Raai woorde

✓ - Maak 'n fout, maar korrigeer self

← - Herlees dele van woorde/frases/sin.

↵ - Los dele van sin uit/deel van 'n woord/spring na volgende lyn

✗ - Ignoreer punktuasie

Trek 'n lyn deur woord wat verkeerd gelees is en skryf die woord wat die leerder gebruik onderaan.

## **Flip gaan flik**

Fluit-fluit stap Flip na sy maat Pieter se huis toe. Hulle gaan flik. Sy sandale maak flip-flap op die sypaadjie. Flip stap vinnig, want hy is bang hulle gaan laat wees. Pieter wag al vir Flip by die voorhekkie. Flip is skoon dors geloop. Vinnig gaan Pieter vir hom 'n glas yskoue water.

"Lekker!" sê Flip.

Terwyl hulle flik toe stap begin die straatligte te flikker en gaan aan. "Dit raak vroeg donker." dink Pieter. By die flik soek Flip sy beursie. "Ag nee! Ek het my beursie vergeet!" sug Flip.

"Hier is jou beursie." lag Pieter. Terwyl jy water gedrink het, het ek dit onder jou neus uit jou sak gehaal." Flip is bly dat hy nie sy beursie vergeet het nie.

Antwoord blad

INDIVIDUELE DIAGNOSTIESE LEESTOETS

(TOETS A)

Datum:

Naam:

Graad:

Geboortedatum:

Ouderdom:

Maak notas van al die leesfoute wat die kind maak.

Fluit-fluit stap Flip na sy maat Pieter se huis toe. Hulle gaan fliek. Sy sandale maak

flip-flap op die sypaadjie. Flip stap vinnig, want hy is bang hulle gaan laat wees. Pieter

wag al vir Flip by die voorhekkie. Flip is skoon dors geloop. Vinnig gaan Pieter vir hom 'n

glas yskoue water. "Lekker!" sê Flip.

Terwyl hulle fliek toe stap begin die straatligte te flikker en gaan aan. "Dit raak vroeg

donker." dink Pieter. By die fliek soek Flip sy beursie. "Ag nee! Ek het my beursie

vergeet!" sug Flip. "Hier is jou beursie." lag Pieter. Terwyl jy water gedrink het, het ek

dit onder jou neus uit jou sak gehaal." Flip is bly dat hy nie sy beursie vergeet het nie.



## Mondelinge begripsvrae.

1. Na wie toe stap Flip? (Flip stap na sy maat, Pieter, se huis toe.)
2. Waar wag Pieter vir Flip? (Hy wag by die voorhekkie.)
3. Wat het Pieter gedink toe die straatligte aangaan? (Dit raak vroeg donker.)
4. Wat het Flip gesoek toe hulle by die fliet kom. (Hy het sy beursie gesoek.)
5. Wat het Pieter vir Flip gaan haal toe hy by sy huis gekom het. ('n Glas water/ yskoue water.)

### **Gebruik die volgende simbole om notas mee te maak.**

K - klank die woord

O - los die woord uit

/// - Lees woord-vir-woord

R - Raai woorde

✓ - Maak 'n fout, maar korrigeer self

← - Herlees dele van woorde/frases/sin.

↵ - Los dele van sin uit/deel van 'n woord/spring na volgende lyn

✗ - Ignoreer punktuasie

Trek 'n lyn deur woord wat verkeerd gelees is en skryf die woord wat die leerder gebruik onderaan.